

Dinsdag 6 November

Skrifgedeelte: Haggai 2:10-19

Fokusgedeelte: Haggai 2:19

# Die Here roep sy volk, aan wie Hy genade bewys, tot getroue diens (1)

Ná die terugkeer uit die ballingskap is die werk aan die heropbou van die tempel aan-vanklik met blydschap begin, maar as gevolg van die moeilike omstandighede in die land het dit tot stilstand gekom. Intussen het die Jode eerder vir eie gerief hulle eie huise begin opbou. Hulle eie belange het swaarder geweeg as die Here se belange. Daarom kon hulle geen seën van die Here verwag nie. Die Here het hulle toe met misoeste gestraf.

Deur die prediking van die profeet Haggai het daar 'n wonderbaarlike verandering in hulle harte plaasgevind. Hulle prioriteite het verander en die werk van die Here het weer eerste gekom. Die tempelbouery is hervat en die fundamente van die tempel is op 18 Desember gelê. Op daardie dag het daar vir die Jode 'n nuwe tyd begin, waarin die Here hulle weer geseën het.

Ons is in Jesus Christus egter oneindig ryker geseën as die Jode van die Ou Testament. Op Pinksterdag het ons nou die tempel van God geword, met die Heilige Gees wat in ons woon (1 Kor. 3:16), Jesus Christus as die Hoeksteen en ons die lewende stene in hierdie tempel. Ons is nou geroep tot troue dienswerk in die voortgaande opbou van hierdie tempel. Nooit mag ons vir 'n oomblik ophou in ons ywer en dienswerk aan die Here nie – hoe moeilik omstandighede in ons land en lewe ook al mag wees. Dit is altyd ons eerste prioriteit. Eenmaal sal ons immers ook rekenskap moet gee van hoe ons gebou het (1 Kor. 3:13-15).

*Sing: Psalm 95-1:4*

*Ds. MP (Pieter) Harris (Emeritus)*